*"Lig uit Lig,*
*tot lig vir die nasies"*
*(NICEA 1 700)*

**Sondag, 1 Junie 2025**
**6e Sondag ná Pase**

**"Genesis": Wanneer God nuut begin met mense soos ek...**

*"Ek sal vir julle 'n nuwe hart gee, 'n nuwe gees sal Ek in julle binneste gee; Ek sal die hart van klip uit julle liggame verwyder en vir julle 'n hart van vlees gee. My Gees sal Ek in julle binneste gee. Ek sal daarvoor sorg dat julle my vaste voorskrifte volg en dat julle my bepalings nakom en uitvoer."*
(Esegiël 36:26-27)
*"As die Gees van Hom wat Jesus uit die dood opgewek het in julle woon, sal Hy wat Christus uit die dood opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon."*
(Romeine 8:11)

"Genesis" beteken "In die begin...", maar Genesis vertel egter van meer as een begin. God begin met Adam en Eva; God begin oor met Set na Abel se dood; God begin dan oor met Noag, en met Abraham, wanneer Hy Abraham roep uit Ur om met hom 'n verbond te sluit en dan weer met Josef daar in Egipte. God begin telkens nuut met mense en sou ons daarna in die res van die Bybel soek, sou ons dit ook gereeld ontdek. Natuurlik is God se grootste nuwe begin die oorwinning oor die dood wanneer Christus sterf en opstaan.

Esegiël 36 vertel op 'n aangrypende wyse dat God nuut gaan begin met sy volk. Die Here gaan nie net restourasie werk doen wat Israel betref nie – dit wat ongehoorsaamheid en sonde aan die hart van God se volk gedoen het, is onherstelbaar. Om hierdie rede gaan God hééltemal nuut begin. Nie omdat daar iets goeds in Israel oorgebly het wat die Here beweeg om dit te doen nie, maar ter wille van Homself, ter wille van sy eer, gaan Israel nuut word.

God se volk het 'n nuwe hart nodig. Die ou hart kan nie doen wat God wil hê nie. Dit is egter nie net die hart wat die probleem skep nie, ook die gees, die gesindheid, van God se volk moet nuutgemaak word. Die manier hoe God mense nuut maak, is om aan hulle sý Gees te gee. God se Gees is altyd die begin van nuwe lewe. God se Gees het Adam en Eva laat leef uit die stof van die aarde; het Jesus laat leef na die donker van die dood van Saterdag; het die dissipels laat leef na die vrees van die bovertrek; en laat leef vandag nog kinders van God aan wie Hy sy Gees gee. Wanneer God nuut begin met mense, word die onmoontlik moontlik, dan kan hulle as kinders van God in sy koninkryk leef.

Wanneer God se mense die Heilige Gees ontvang – dán is dit nuwe lewe, dan is dit waarlik Pinkster!

- **ds. Johan Marais**

Hartlik welkom by ons eredienste vanoggend, gelei deur ds. Johan Marais en ons orrelis, dr. Johan Cromhout in die kerk; en ds. Janke Hurter die gesinsdiens in die saal. Welkom ook aan alle besoekers en diegene wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel.

## LITURGIE

| | |
|---|---|
| **Votum:** | Ef. 4:4-6 *"...een liggaam en een Gees..."*<br>Lied: 169:1, 2 & 3 Heilig, heilig, heilig |
| **Seëngroet:** | |
| **Loflied:** | Lied 203:1, 2, 4 & 5 Loof die Here, al wat lewe |
| **Wet:** | Rom. 13:8-10 |
| **Verootmoedigingslied:** | Lied 238:1, 2, 3 & 4 God, enkel lig, voor u gesig |
| **Vryspraak:** | |
| **Gebed:** | Lied 266:1 Ons Vader wat woon |
| **Skriflesing:** | Esegiël 36:22-32 |
| **Woordverkondiging** | Tema: Genesis: Wanneer God nuut begin met mense soos ek... |
| **Gebed** | |
| **Geloofsbelydenis van Nicea** | (sien boekmerkie) |
| **Liefdegawes** | |
| **Slotlied:** | Lied 439:1 & 2 O Heil'ge Gees, o God in ons |
| **Seën, Amen** | |

**Orrelnaspel**
Ons nooi lidmate wat wil, graag uit om ná die seënbede weer jul plek in te neem en na die orrelnaspel te luister; dit word gekies om aan te sluit by òf die slotlied wat net voor die seënbede gesing is òf een van die ander korale tydens die diens, en gee geleentheid om vir 'n moment nog weer te reflekteer oor die tema en verloop van die erediens.

**Ander Eredienste:**

| | |
|---|---|
| Sondag, 2 Junie | 18:00 – Ds. Jan Lubbe: Pinksterreeks begin… |
| | 18:00 – Ds. Janke Hurter: Kinderpinkster begin… |
| Sondag, 8 Junie | 09:30 – Ds. Jan Lubbe: Pinksterfees (gesamentlike diens) |
| | 15:00 – Teol.std. Steve Popane: Sothodiens |
| Sondag, 15 Junie | 09:30 – Ds. Jan Lubbe |

**Besoekers, verbygangers, nuwe lidmate**

Indien jy graag by Berg-en-Dal as gemeente wil inskakel, besoek gerus ná die oggenddiens die kerkkantoor en gee jou naam, van en kontakbesonderhede daar op, of gaan na ons webblad by https://bergendalkerk.co.za/ en voltooi die nodige vorms daar – ons sal jou graag wil ontmoet en help om deel van ons geloofsfamilie hier rondom die sirkel te word. Intussen, hartlik welkom!

## MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

01 Junie Reynardt Breytenbach; Stephan Meintjes; Dian Pienaar; Diaan Rossouw; Frank Scheepers; Christoff van der Schyff en Martelize Weyers.
02 Junie Petri Crause; Ursula Hanekom; Hantie Meyer en Gretha Zietsman.
03 Junie Kayden Badenhorst; Luané le Roux; Gawie Pistorius en Juando Roque.
04 Junie Ria Jacobs; Thenette Mulder; Alet van Moltke en Marietjie Wilken.
05 Junie Gloudine Boshoff; Johannes Liebenberg; Anja Louw en Hendrik van Wyk.
06 Junie Wilna Becker; Reinhardt Bezuidenhout; Lika de Villiers; Johan Marais; Hermie van Zyl en Chris Venter.
07 Junie Caden Vance.

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Charlotte van Rooyen (Siësta, wyk 10); Tannie Adeline Leygonie (Siësta, wyk 10); Corrie Strydom (Woodland Hights, wyk 12b); Marianne Nel (Sewe Damme 121, wyk 8b); Tannie Lenie Fourie (Kiepersol 13, wyk 16); Izak Herbert (Sedanstr. 4, wyk 19a); Dirk Nel en sy dogter, Lynette (Maxzell 2, Kolbelaan, Wyk 13b); Nadiha Visser (Genl Van Schoorstr. wyk 3c); Tannie Elsie Strauss (Noorderbloem, wyk 17); Oom Jan Erasmus (Aliquando, wyk 11) en oom Louwrens Badenhorst (Sewe Damme 113, wyk 8b). Ons dink ook almal wat op een of ander wyse 'n sieke of verswakte familielid moet ondersteun – mag jul die krag van die Here beleef.

Ons meegevoel aan Sollie en Beneli Pretorius, by die onverwagse siekte en heengaan van sy broer André; mag jul as familie van die Here troos deur sy Gees ontvang.

Vir Pastorale Sorg:
As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag bystaan en bemoedig in tye van swaarkry of net saam bly wees oor goeie nuus in jou lewe. Kontak gerus ds. Johan Marais (084 517 8052) wat ons pastorale werk koördineer, of maak 'n afspraak met een van ons leraars vir 'n tuisbesoek of 'n gesprek hier by die kerk.

**BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES**

Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.
Woensdagaand-Bybelstudiegroep (19:00) – nie hierdie week, maar uitgenooi na Pinkster.
Woensdagaand 'Lighthouse'-Bybelstudiegroep – nie hierdie week; uitgenooi na Pinkster.

## KERKRAADSAKE

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:**
In **Junie** is Wyke 11, 12 en 13 aan diens vir ons gasvryheid; Sondae met tee en koffie in die binnehof en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope-Shelter. Indien jy ook hiermee wil help kontak die Kerkkantoor (073 180 3193).

**Terugbring van Berg-en-Dal-goed:**
Dalk staan daar by jou borde of bakkies of 'n Liedboek op die rak, van Berg-en-Dal; iewers is iets daarin huis toe geneem en vergeet – wil jul dit nie asb. terugbring kerk toe nie? Ons wil hierdie wintertyd ons kombuise, spens en pakplekke bietjie opruim en netjies kry…

## BEDIENINGE

**GEMEENTEBEDIENING**

**Vrouediens se Sondagpoeding – Sjokoladepoeding VANDAG!**

Kom koop net ná die erediens, voorberei deur die Vrouekomitee ter ondersteuning van hul kontantfondse (ingeval jy vergeet het vir vanmiddag se ete of bestel by 079 038 4038!)

**GETUIENIS- & BARMHARTIGHEID**

**“Winterhoop” en ENGO “Koue Nag”-Projek**

Ons nooi lidmate uit om by te dra tot vanjaar se winterinsameling vir behoeftige mense in ons stad, deur die “Winterhoop”-projek (nie-bederfbare kos & toiletware) of ENGO se “Koue Nag”-veldtog te steun (warm komberse, klere) – bring jou bydraes saans na die Pinksterdienste of bedags na die Kerkkantoor; kom ons help…

**Gasvryheid nodig:**

Die gemeente George Bergsig (van ds Rudolph en Sanet Grobler wat ons verlede jaar besoek het) het ‘n uitreik na die noorde, en benodig aandete en oornag vir Vrydagaand, 27 Junie vir ongeveer 30 lidmate – kan jul dalk ‘n paar huisves? Kontak die kerkkantoor en gee jou naam en nommer op; baie dankie!

### EREDIENSKOLLEKTE: ‘n LIEFDESGAWE

SnapScan

Die eredienskollekte op ‘n Sondagoggend en -aand, is ‘n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee ‘n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/projek vir die betrokke Sondag – vanoggend, 1 Junie: **Kommunikasie - Vrypos.**
U kan ook ‘n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per SnapScan na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632005).**

***Ons Spesiale Dankoffer staan nou op R 320 000; dit is so byna 65% van ons begrote teikenbedrag; dankie vir almal sover…***

